**KREET OM HOOP: 'N WEKROEP TOT BESLISSENDE OPTREDE**

***ONS KAN NIE BEIDE GOD ÉN DIE VERDRUKKING VAN PALESTYNE DIEN NIE***

**Loodsdatum: 1 Julie 2020**

Ons, *Kairos Palestina*, en die wêreldwye beweging *Globale Kairos vir Geregtigheid* wat die Palestynse Kairos-dokument ("'n Oomblik van waarheid -'n woord van geloof, hoop en liefde uit die hart van die Palestynse lyding") ondersteun, rig saam dié dringende oproep aan Christene, kerke en ekumeniese liggame. Ons doen dit saam met toegewyde Christene in Palestina en van dwarsoor die hele wêreld. **Dis 'n dringende wekroep tot daadwerklike optrede** in 'n saak wat ons glo direk verband hou met die integriteit van ons Christelike geloof.

**Ons het 'n kritieke oomblik bereik in die stryd om die beëindiging van die Palestyne se verdrukking.** Die Israeliese staat se aanvaarding van die *Nation State Law* in 2018 wettig institusionele diskriminasie in Israel wat Palestyne van hul reg op lewe, verdienste en 'n toekoms in hul eie land ontneem. Onlangse stappe deur die VSA. ondersteun Israel se voortgaande projek van grondroof en volle oorname van die hele Palestina. Dit behels die verskuiwing van die Amerikaanse ambassade na Jerusalem in 2018, die aankondiging in 2019 dat die VSA nie meer nedersettings in die Wesoewer as strydig met internasionale wetgewing beskou nie, en Amerika se "Peace to Prosperity" plan van 2020. Onder aanhitsing van Amerikaanse steun saam met die verdere momentum van die internasionale gemeenskap se trae reaksie beplan Israel se nuwe koalisieregering om effektief ongeveer een derde van die besette Wesoewer, die Jordaan-vallei ingereken, volledig te annekseer. Hierdie verwikkelinge maak dit glashelder dat 'n ou illusie aan't skerwe lê, naamlik dat Israel en die wêreldmagte wérklik die Palestynse volk se waardigheid, selfbeskikking en basiese menseregte – en daarom ook Palestynse vlugtelinge se terugkeer na hul eie land – wil respekteer en beskerm volgens die bepalings van die internasionale reg. In die lig van hierdie gebeure is dit tyd vir die internasionale gemeenskap om te erken dat Israel ingevolge die internasionale reg 'n apartheidstaat is.

**Hierdie werklikheid beteken dat ons, as volgelinge van Jesus, daadwerklik moet optree.** Die diepste wese van die kerk, die integriteit van die Christelike geloof en die kredietwaardigheid van die Evangelie is op die spel. Ons verklaar dat steun vir die verdrukking van die Palestyne, hetsy passief of aktief, deur woord, daad of stilte, sonde is. Ons bevestig dat Christene se ondersteuning van Sionisme as 'n teologie en as 'n ideologie wat een groep mense bo 'n ander verhef deur hulle van hul menseregte te ontneem, onversoenbaar is met die Christelike geloof en 'n growwe misbruik is van die Bybel.

**Ons vra alle Christene en kerke** op gemeentelike, denominasionele, nasionale en internasionale ekumeniese vlakke om 'n proses van studie, besinning en belydenis oor die historiese en sistematiese onteiening van Palestyne se regte, en die gebruik van die Bybel deur talle om dié onderdrukking te regverdig en te ondersteun, te onderneem. Ons doen 'n beroep op kerke om te besin oor hoe hul eie tradisies uiting kan gee aan die heilige plig om die integriteit van die kerk én van die Christelike geloof in hierdie konteks te handhaaf. Ons kan eenvoudig nie God dien en terselfdertyd stilbly oor die onderdrukking van die Palestyne nie.

**In die aangesig van hierdie *kairos* is ons bewus van die nalatenskap van ons voorgangers** wat situasies van nood en krisis trotseer het. In 1933 verklaar die Duitse predikant en teoloog Dietrich Bonhoeffer dat die Nazi-regime se miskenning van Jode se regte en die staat se inmenging in godsdienstige sake die kerk in 'n *status confessionis* ('n staat van belydenis) plaas. Die Barmen-verklaring bekragtig in 1934 die kerk se plig om onreg en ideologieë van tirannie onomwonde te verwerp. Willem Visser 't Hooft, die eerste algemene sekretaris van die Wêreldraad van Kerke (WRK) verklaar in 1964 dat rassisme, soos apartheid, vir kerke 'n *status confessionis* skep. In 1969 volg die WRK hierdie woorde daadwerklik op deur die implementering van die moedige en verreikende *Program to Combat Racism*. In 1977 verklaar die Lutherse Wêreldfederasie (LWF) dat "apartheid 'n *status confessionis* vir die kerk geskep het" en hulle hef in 1984 die lidmaatskap van wit Lutherse kerke in Suider-Afrika wat apartheid beoefen, op. Ook die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) verklaar apartheid in 1982 as onverenigbaar met die Christelike geloof en hef die lidmaatskap op van kerke wat rasseskeiding beoefen. In 2017 bevestig die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) dat "die situasie van onreg en lyding in Palestina en die noodkreet van die Palestynse Christene" beteken dat "die integriteit van die Christelike leer en lewe op die spel is." Terselfdertyd is die WGGK se algemene sekretaris opdrag gegee om ses direkte aksies te loods. Die Palestynse Christene se 2009 Kairos-dokument, "'n Oomblik van Waarheid" het wêreldwyd reeds talle Kairos-dokumente die lig laat sien saam met ondernemings van daadwerklike aksies en teologiese argumente ter bevestiging van die Palestynse kerke se profetiese roepstem.

**Die huidige tydsgewrig noop optrede wat net so moedig, net so getrou en net so vasberade is.** Die oomblik om te besluit is hier. "Ons roep uit as Christene en as Palestyne … na ons broers en susters in Christus in kerke oor die wêreld heen", lui die 2009 Kairos Palestina-dokument. Agt jaar later, in 2017, skryf die Nasionale Koalisie van Christen organisasies in Palestina in hul Ope Brief aan die Wêreldraad van Kerke en die ekumeniese beweging: "Dinge is reeds verby dringend. Ons is op die rand van 'n katastrofiese ineenstorting. Dis nie nou tyd vir oppervlakkige diplomasie nie, Christene!" Nou, drie jaar later, volg hierdie noodkreet om hoop aan ons broers en susters dwarsoor die wêreld. Ons nooi ons mede-Christene, hul plaaslike gemeentes, kerke en internasionale ekumeniese liggame uit om ons gesamentlike getuienis te ontvang, daarop te reageer en om in te skakel by die proses van belydenis en die loods van prosesse wat die onderdrukking van die Palestyne en enige regverdiging daarvan aan die hand van die Bybel, amptelik verwerp deur u tot die volgende handelinge te verbind:

- **Inisieer prosesse** op plaaslike, denominasionele en ekumeniese vlakke wat die huidige *kairos* erken, asook die dwingende noodsaak vir beslissende optrede om die ontkenning van Palestynse regte en die misbruik van die Bybel aan te spreek. Hierdie aksies sal uitdrukking gee aan kerkeenheid deur die verbintenis om enige onreg, waar ook al, te beveg.
- **Bestudeer en beoordeel** teologieë en Bybelinterpretasies wat die Palestyne se onderdrukking regverdig, krities. Bied grondige teologiese sienings wat profeties vra vir 'n inklusiewe visie van die land vir Israeli's en Palestyne en bevestig dat die Skeppergod 'n God is van liefde, barmhartigheid en geregtigheid; nie van diskriminasie en onderdrukking nie.
- **Bevestig die Palestyne se reg op weerstand** teen die besetting, onteiening en tersydestelling van hul fundamentele regte, en sluit aan by die Palestyne se kreatiewe en nie-gewelddadige verset. Die Palestynse oproep om Boikot, Disinvestering en Sanksies (BDS) van 2005 bied 'n raamwerk vir ekonomiese, kulturele en akademiese maatreëls en vir direkte politieke pleitbesorging as geweldlose metodes om die besetting en verdrukking te beëindig. Die

bedoeling met BDS is nie om Israel te straf of te isoleer nie. Dit wil eerder druk op Israel toepas om aan die internasionale reg te voldoen, en die Israeliese regering en volk aanmoedig om, in die gees van die Woord van God, die pad te kies van geregtigheid en vrede om sodoende hul eie regte sowel as dié van die Palestyne te verseker.

- **Dring ook daarop aan dat regerings en internasionale organisasies** by wyse van politieke, diplomatieke en ekonomiese stappe 'n einde bring aan Israel se skendings van menseregte en die internasionale reg.
- **Bestry anti-Semitisme** deur te werk vir geregtigheid teen anti-Judaïsme, rassisme en vreemdelingehaat; opponeer die tendens om kritiek teen Israel se ongeregtighede aan anti-Semitisme gelyk te stel.
- **Ondersteun inisiatiewe** tussen Israeli's en Palestyne asook inter-geloof vennootskappe wat daarop gemik is om apartheid en besetting te bestry en wat geleenthede skep vir samewerking met die oog op 'n gedeelde toekoms van wederkerige respek en waardigheid.
- **Kom sien self** hoe lyk die werklikheid in die Heilige Land. Kyk met erbarming na die Palestyne se lyding. Staan in solidariteit met die voetsoolinisiatiewe van verskillende geloofs- en sekulêre groepe wat die besetting uitdaag en vrede op die basis van geregtigheid nastreef.

Ons wekroep is gesetel in ons besorgdheid oor die toekoms van albei groepe mense. Hierdie noodkreet is, in die woorde van die Palestynse Kairos-dokument, gewortel in die *logika van liefde* wat daarna streef om beide die verdrukker én die verdrukte te bevry sodat 'n nuwe soort samelewing vir almal in die land tot stand kan kom. Ons gaan voort om te kleef aan die hoop in die Kairos-dokument, naamlik dat die Palestyne en Israeli's 'n ineengestrengelde toekoms het: "Wanneer die besetting gestaak is en geregtigheid geskied het, kan ons ons ingewikkelde politieke lewe vanuit die krag en aansporing van hierdie liefde inrig". Ons, as volgelinge van Jesus, reageer op ideologieë van eksklusiwiteit en apartheid enersyds deur 'n visie van inklusiwiteit en gelykheid vir almal in die land, en andersyds deur volhardend voort te worstel om dit te verwesenlik.

Ons erken dat ons as Christene deur ons verbintenis tot die bevryding van Palestyne stelling inneem teen die teologie van *Empire* - 'n globale orde van oorheersing wat vergestalt in rassistiese, ekonomiese, kulturele en ekologiese onderdrukking wat die mensdom en die geheel van die geskape werklikheid bedreig. Met hierdie erkenning omhels ons ons plek binne die gemeenskap van die gebreekte brood, die kerk met die opdrag om die goeie nuus oor God se geskenk van liefde, barmhartigheid, medelye en oorvloedige lewe vir almal, uit te dra.

*H.B. Michel Sabbah*

**H.B. Michel Sabbah**
Patriarg Emeritus: Latynse Patriargaat, Jerusalem
President: Kairos Palestina

*Rifat Kassis*

**Rifat Kassis**
Algemene koördineerder: Globale Kairos vir Geregtigheid